

7 September

Openbaring 1 (1:17)

Die eerste en die laaste

As ons vir onself rekenskap moet gee wat die eerste en die laaste in ons lewe is, sal ons miskien kon sê: geboorte en dood. Ons geboorte is die eerste belangrike ding wat met ons gebeur het. Ons dood is die laaste belangrike ding wat met ons sal gebeur. Ons kom buite ons wil om in hierdie wêreld. En ons verlaat hierdie wêreld weer teen ons sin. En albei hierdie dinge - geboorte en dood - gebeur buite ons wil om. Tussen hierdie twee punte speel ons hele lewe op aarde af. Voor ons geboorte was ons niks. Na ons dood sal ons nie meer hier wees nie - is daar weer 'n niks. Dit klink alles so sinloos.

Maar luister nou wat sê onse Here Jesus Christus in ons teks: "...Ek (is) die Eerste en die Laaste..."

Nog voor ons daar was, was Hy reeds daar. Hy was reeds "in die begin" (Gen. 1:1) daar. Hy is die Eerste.

Na ons dood sal Hy steeds daar wees, want Hy is van ewigheid tot ewigheid God (Ps. 90:2). Hy is ook die Laaste.

En dit is Jesus Christus wat ons lewe ingekom het en sy hand op ons lewe gelê het. Ons sien dit in ons teks: Jesus het sy regterhand op Johannes gelê. Die regterhand is simbolies van sy liefde, sy guns en sy genade teenoor sonder-mense soos Johannes en ook ek en jy.

Daarna sy gerusstelling: Moenie bang wees nie! Wees gerus. By My is jy veilig. Jou lewe is veilig in my hand. Dit is Ek, die Eerste en die Laaste. Die Lewende!

Daarom is dit Hy wat die grense van ons tydelike lewe deurbreek - die grense van geboorte en dood - en vir ons ruimte skep - die ruimte van die ewige lewe. Sodat die ewige lewe vir ons deurbreek in Jesus Christus onse Here: "Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook (Joh. 11:25). Glo jy dit?

Sing: Psalm 18:1

Ds. M.P. Harris (Witbank-Suidoos)